



Ons vermeerder God se vreugde!

Nuusbrief van Agter-Paarl Geloofsgemeenskap
Johannes Nortier

Nuusbrief Donderdag 28 Januarie 2021

Gedagte van die week:

In tye van versoeking (*lyding*) ontdek ons wie ons is. (Thomas a Kempis; 1379-1471)

Vertrekpunt:

Matteus 4:1-11

Meditasie uit die teks:

Ek wonder hoe dink jy oor die bose en die duiwel. Dit klink vir my of baie mense aan die bose dink as iemand wat met 'n wrede glimlag en 'n drietandvurk rondom 'n "helse" vuur loop terwyl hy uit sy maag en keel lag. Vir ander is hy weer die komieklike dwerg met horings op sy kop. As die bose maar só was en só gelyk het kon ons hom dalk gelokaliseer en opgespoor het en die beste van alles, gevang het! Die bose lyk nie so nie. Die bose is nie daar vêr nie. Die bose is nie daarbuite nie. Jy het 'n beter kans om die bose naby jou in die speel te sien as daar vêr deur die venster. Die bose leef binne in ons. Die bose is in ons begeertes en ideale en drome en fantasieë. Die bose glimlag en knip vir ons oog oor geld en seks en middele en geweld ens. Hy skree nie op ons nie, hy wink ons nader. Saggies, selfs vriendelik, gee hy "slim" raad. Hy sê ook soos die engele van God: "moenie bang wees nie ... ek het vir jou goeie nuus". Hy troos ons vooruit dat niks verkeerd is nie en dat niks sleg sal gebeur nie. Hy is Rooikappie se wolf. Hy is die wolf wat die drie varkies se mamma se stem namaak. En die bose ken sy tyd. Hy weet wanneer ons broos en op ons breekbaarste is. Vra maar vir Jesus. In die woestyn, wanneer Jesus honger en dors is, kom die bose saggies nader en praat oor die moontlikheid van klippe wat brood kan word. In die woestyn, wanneer Jesus uitgelewer is aan moeilike omstandighede, dan praat die bose oor geloofstruiks wat Hy kan misbruik om vinnig te ontsnap aan die vormende oefeninge van die lewe. In die woestyn, wanneer Jesus geleer word van nederige onderwerping, praat die bose van koninklike status wat sêlf regeer en ander onderwerp. Die bose is 'n ou skelm. Hy weet net hoe. Maar Jesus is die seun van God en ons is genadiglik die kinders van God ... ons het die gees van onderskeiding. Ons weet wanneer om nee te sê. Weet ons?

Youtubeskakel:

Ons gaan vir eers nie reisgesprekke in ons kerkgebou hou nie en dit alleenlik via Youtube doen. Hier is jou skakel na Sondag, 31 Januarie 2021, se reisgesprek. Jy sal dit ook via whatsapp ontvang as jy op die whatsappgroep is. Onthou om **ctrl** te druk, skuif die muis tot op die skakel en wanneer die pyltjie of handjie verskyn dan dubbelklik jy op die skakel met jou linkerkantse muis.

<https://youtu.be/8BP9KeHITLQ>

Meditasie uit die lewe:

Ek lees Dinsdag in Die Burger die mooiste getuigenis van Rita Vermeulen. Sy het die Laingsburgvloed **40 jaar** gelede oorleef. Dit pas nogal mooi by Jesus se woestynskool van **40 dae**. Ek deel dit graag met jou.

Rita en Dennis Vermeulen het langs die rivier in Krigestraat gewoon. Hulle kon net hulle tweejarige seun, Niël, red voordat die water hul huis en motor wegvee. "Ek was kwaad vir die Here. Elke keer as ek wou tee drink en ek onthou my mooi teekoppies raak ek kwaad! Ons moes tydelik in 'n spoorweghuis vêr buite die dorp gaan woon. Dan bejammer ek myself heeldag omdat Dennis baie hard werk om telefoonverbindings te herstel en ek alleen sit in 'n tyd voor selfone. My pa het altyd so mooi met my gepraat oor woede, gesê ek is nog jonk, met harde werk kan ons weer van voor alles opbou. Ek wou nie luister nie. Totdat ek drie maande later by Ina Goodman inloer. Haar man is van die N1-brug weggespoel, sy liggaam onopgespoor. Ina was altyd die deftige een onder ons. In ons oë het sy alles aan aardse goed gehad, goeie goed. Toe ek by Ina en haar drie kinders instap, was haar eerste

woorde, 'Rita ek soek nog altyd na Alfred.' Om te dink – Ina soek nie na mooi aardse goed nie. Dit wat vir haar dié belangrikste was kon sy nie vervang nie. My woede het stadigaan verminder. Ek en Ina het groot vriende geraak, ek het haar leer motor bestuur.”

Rita en Dennis het later na Knysna verhuis waar hulle 'n groot ou huis gerestoureer het. Toe brand Knysna in 2017. Rita vertel verder:

“Ons buurhuis het verbrand, ons huis veilig. Onverstaanbaar, daardie vlamme pad. Matrasse het nog gesmeul toe ek na 'n Pretoria-kuier hier aanland. My seuns is bly dat ek nie hier was nie. 'Ons sou met ma gesukkel het', sê hulle vandag.”

Deesdae maak Rita gratis gesigsmaskers om die pandemie te help hokslaan. “Hoekom gebeur alles dan met jou?” vra mense soms vir haar, maar op 67 kyk sy en Dennis (69) anders na dinge. “Ek vra nie meer vrae nie, ek vervang kwelvrae met dankbaarheid vir alles wat ek wel het!

In hierdie covidvloed waar baie mense die onvervangbares verloor moet ons dalk gaan leer by die oorlewendes van die Laingsburgvloed. 'n Mens word gevorm tot wysheid en dankbaarheid in ongemaklike oomblikke en daarvan is Rita Vermeulen se lewe 'n getuigenis. Dit is 'n reis van woede oor verlore teekoppies tot die dankbare maak van gratis gesigsmaskers. 'n Veertig jaar lange lewensreis.

Jesus se reis begin met 'n 40 dae lange voorbereiding in die woestyn. En vir daardie 40 dae het Jesus “JA!” gesê, al het die bose hom gesmeek om “Nee” te sê.

As jy hierdie epos foutiewelik ontvang of dit nie meer wil ontvang nie, stuur net 'n epos wat lui “kanselleer nuusbrief” na ngkagterpaarl@telkomsa.net of nortierjohannes6@gmail.com